info@thessc.co.za www.thessc.co.za 016 100 9286

Blitsnuus

-Vir Entrepreneurs

November 2024

Beste lesers,

2024 was ‘n jaar van groei en nuwe geleenthede vir The SSC. Ons wil graag elke nuwe kliënt wat by ons aangesluit het, verwelkom, asook ons lojale kliënte bedank wat steeds die pad saam met ons loop. Ons waardeer die ondersteuning en sien uit daarna om voort te gaan om aan jul besigheidsbehoeftes te voldoen.

Ons beoog om voort te bou op hierdie sukses met opwindende nuwe projekte en dienste wat spesifiek ontwerp is om waarde toe te voeg en besighede te ondersteun. 2025 gaan opwindend wees! Lees verder om meer te wete te kom oor ons nuwe aanbiedinge, werkswinkels en geleenthede.

Groete,
The SSC-Span

Nuwe ontwikkelings:

WorkZone:

Ons is opgewonde om aan te kondig dat WorkZone nou amptelik deel van The SSC is. WorkZone bied ‘n verskeidenheid dienste aan, insluitend samewerkingsruimtes, wat kantoorspasies en vergaderingslokale (boardrooms) insluit. Hierdie ruimtes is ideaal vir besighede wat op soek is na ‘n professionele omgewing om hul werk te doen of vergaderings te hou. Daar is ook hot-desks beskikbaar vir dié wat ‘n meer buigsame werkruimte benodig.

Benewens die kantoorruimte, bied WorkZone ‘n lieflike lapa aan wat gebruik kan word vir geleenthede en funksies. Of dit nou ‘n besigheidsfunksie of sosiale byeenkoms is, WorkZone se fasiliteite is die ideale keuse vir jou volgende geleentheid.

Beroepsgesondheidsdienste:

Beroepsgesondheidsdienste vorm nou amptelik deel van The SSC se dienste. Ons doel is om ‘n gesonde werksomgewing te bevorder en die fisieke welstand van werknemers te verseker. Stuur gerus ‘n epos na clinic@thessc.co.za vir meer inligting oor ons dienste.

Nuwe webblad-pakket:

Ons stel met trots ‘n nuwe en bekostigbare webbladpakket bekend teen slegs R2999.00. Hierdie pakket is spesiaal ontwerp vir klein besighede wat ‘n werkende intree-webwerf benodig om aanlyn sigbaarheid te verhoog en kliënte te bereik.

Toekomstige projekte en samewerking:

Ons beplan om ‘n reeks werkswinkels aan te bied met ons finansiële- en bemarkingsspan . Verder begin ons ‘n nuwe mediakanaal waar ons onderhoude en potgooie sal voer met besighede in die Vaaldriehoek – en dit is gratis! Kontak ons gerus om deel te wees van hierdie opwindende projek. Klik ook hier om te registreer as deel van ons Jellie-Netwerk, ‘n gratis bemarkingsgeleentheid vir jou besigheid: Jellie-Netwerk Registration- The Shared Services Company

Beskikbare pos verkoopspersoon:

Ons is tans op soek na ‘n verkoopspersoon wat ons ook by geleenthede kan bystaan. As jy van iemand weet wat aan hierdie vereistes voldoen, moedig ons jou aan om ons te kontak.

Welkom aan ons nuwe werknemers:

Ons span groei steeds, en ons verwelkom graag Hannelie de Bruyn as deel van ons administratiewe span. Ons is ook bly om Elize Julius, ons beroepsverpleegkundige, aan boord te hê. Larize Nel sluit aan by ons finansiële span om ‘n stewige grondslag te bou vir verbeterde finansiële ondersteuning.

Larize Nel

Elize Julius

Hannelie de Bruyn

Jellie sosiale byeenkomste:

Moenie vergeet van ons Jellie-byeenkomste wat elke tweede Woensdag van die maand plaasvind nie. Dit is die perfekte geleentheid om met ander besighede te netwerk en nuwe idees te deel. Kom maak kontak en versterk jou besigheid. Stuur gerus ook ‘n epos indien jy op ons WhatsApp-groep wil wees.

Dankie vir jul volgehoue ondersteuning. Ons sien uit daarna om saam met julle voort te gaan en die nuwe geleenthede van 2025 aan te pak!